OB5'10
3 Februarie 2010

Geagte Ouers

1. <u>Atletiekbyeenkomste</u>

1.1 <u>Springs: L/S Selection Park – Donderdag 4 Februarie 2010 (môre)</u>

Die volgende reëlings:

- Die byeenkoms begin stiptelik om 14:00.
- Beamptes en atlete vertrek om 12:30 vanaf die skool.
- Atlete wat deelneem het reeds briewe vanaf afrigters ontvang.
- Die Gr.1 – 2 leerders sluit normale tyd 12:30. Ouers word versoek om hul leerders aan die agterkant van die skool op te laai – tref asb. 'n duidelike reëling met u kind.
- Die res van die skool se leerders (Gr.3 – 7) sal in die saal met "Sing Songs" besig gehou word tot 13:30. Leerders sal onder behoorlike toesig en beheer wees.
- Die byeenkoms behoort om 19:00 afgehandel te wees. Leerders in skoolbussies kan om 19:30 by die skool afgehaal word.

1.2 <u>Heidelberg "Cluster" – Maandag 8 Februarie 2010</u>

Die volgende reëlings:

- Vind plaas te Laerskool A.G. Visser en begin stiptelik om 12:30.
- Beamptes, atlete en res van skool (Gr. 4 – 7) beweeg om 11:30 af na atletiekbaan.
- Gr.1 – 3 leerders (nie-atlete) sluit om 11:30. Ons versoek ouers om die leerders aan die agterkant van die skool op te laai – tref asb. 'n duidelike reëling met u kind.
- Gr. 4 – 7 leerders (toeskouers) kan vanaf 13:30 afgehaal word. Ons doen 'n beroep op u om u kind(ers) aan te moedig om as toeskouer tot ±17:30 te bly om deel te neem aan ons skool se "sing-songs". Op hierdie wyse moedig hulle ons atlete aan en word 'n positiewe beeld van Vissieland na buite uitgedra. Behoorlike toesig en beheer is gereël.
- Die byeenkoms behoort om 17:30 afgehandel te wees.

.3 <u>Delmas: Suikerbosch Interlaer – Woensdag 10 Februarie 2010</u>

- Vind plaas te Hoërskool Delmas se sportgronde. Byeenkoms begin stiptelik om 12:30 en afgehandel ± 17:30.
- Beamptes en atlete vertrek om 10:30 vanaf die skool.
- Die res van die skool sal vanaf 10:30 onder behoorlike toesig en beheer in die saal wees vir 'n "DVD"-fliek en "sing-songs".
- Die skool sluit normale tye nl. Gr.1 en 2 = 12:30 en Gr.3 – 7 = 13:30.

2. <u>Fotobestellings</u>

Daar sal foto's teen R20 elk by die skool beskikbaar wees van onlangse skoolaktiwiteite (nou beskikbaar – Interhuis foto's). Leerlinge kan die uitdrukke gaan besigtig by aangeduie plekke, waarna hul by hul registeronderwysers bestellings op bestelvormpie met fotonommer, op kan betaal. Bestelling streng volgens betaling. Enige navrae kan aan Me. Ané Holm'ner gerig word.

3. <u>Visservonk 2009 (Vissienuusblad en foto's)</u>

Ons nuusblad het uiteindelik gearriveer. Dankie aan Marie Kriek en redaksie vir 'n ongelooflike blad. U het nog die geleentheid om vir u kind 'n blad te koop teen die bedrag van R60 per eksemplaar – hierdie blad moet deel wees van u tydskrifversameling anders gaan u agterna bitter spyt wees.

_____

J.S. Roothman
Prinsipaal